

Verengelsing van die Kaap tydens die Britse Bewind na 1806

Deur Hettie Muller Néé Wandrag

Inleiding

Aangesien my WANDRAG-stamvader sedert 1785 tot met sy dood in 1826 in die Kaap (Kaapstad) gewoon en gewerk het, het ek gewonder hoe die verengelsing hom en sy seun wat in 1793 gebore is, geraak het. Die seun is reeds in 1817 in Colesberg getroud en het in die binneland aangebly want hulle kinders is in Graaff-Reinet, Colesberg en Hopetown gemeentes gedoop.¹ Hy moes dus op 'n redelike jong ouderdom na die binneland vertrek het. Om hierdie redes het ek besluit om na die geskiedenis van verengelsing rondom daardie tydperk te kyk.

Verengelsing van die Kaap na die tweede Britse besetting in 1806 het hoofsaaklik op die gebiede van die kerk, onderwys en die staatsdiens plaasgevind. Die rede hiervoor was dat plaaslike gebruike en instellings doelbewus by die van Brittanje aangepas is aangesien die belangrikste doelwit van die Britse beleid bedoel was om die Kaap welvarender en makliker regeerbaar te maak. Daar was verskeie amptenare aan die Kaap en in die ministerie van kolonies wat vasbeslote was om 'n aggressiewe beleid van verengelsing te volg. Hierdie beleid van verengelsing is al onder Sir John Cradock, die voorganger van Lord Charles Somerset, sterk ondersteun. Vanaf 1822 het Lord Charles Somerset stappe gedoen om die gebruik van Engels op die meeste terreine van die openbare lewe te bevorder of verpligtend te maak.²

Onderwys

Engelssprekende onderwysers is ingevoer, en vanaf 1822 is gratis openbare skole op dorpe en in die platteland op plase opgerig waar die voertaal Engels was. Baie Nederlandssprekende ouers het sterk beswaar gemaak hierteen en geweier om hulle kinders na die gratis skole te stuur.³

Tussen 1803 en 1806, gedurende die Bataafse tydperk, was die gehalte van onderwys 'n bron van bekommernis vir Kommandeur De Mist en het hy probeer

¹Suid-Afrikaanse Geslagsregister, *WANDRAG-familieregister*, Volume 16, p 2.

²*Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, Hoofredakteur: Trewhella Cameron. Adviserende Redakteur: SB Spies. Human en Rosseau, Kaapstad, 1986., p 86

³*Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, Hoofredakteur: Trewhella Cameron. Adviserende Redakteur: SB Spies. Human en Rosseau, Kaapstad, 1986., p 86.

om deur sy verligte skoolorde 'n verbetering aan die onderwyssituasie te maak. De Mist het aan die regering in Holland geskryf dat dit sy hart laat bloei as hy sien hoe die kinders en jongmense aan die Kaap nie geleentheid het of geleentheid gebruik om hulleself te ontwikkel nie. Hy pleit vir belegging in onderwys en opvoeding. Daar is op 11 September 1804 bepaal dat die staat alle skole oorneem; onderwysers onder die gesag van inspekteurs geplaas word en privaatskole ook van die inspekteursdienste kon gebruik maak as hulle wou. Daar was dus 'n goeie grondslag vir onderwys gelê en die Britte kon hierop voortbou na 1806.

Reeds in die Bataafse Tydperk was 'n tekort aan opgeleide onderwysers die grootste struikelblok vir 'n meer suksesvolle onderwysstelsel en die probleem het ook in die volgende jare bly voortduur.

Die Britse bewindhebbers was vanaf 1806 daarop ingestel om voorsiening te maak vir onderwys in Engels. Graaf Caledon het reeds in 1809 planne gehad om onderwys na die platteland uit te brei met voertaal Engels. In reaksie op die verslag van die "Commission of Cicut" van 28 Februarie 1812 waarin die dringende nood aan onderwys in die buitelandse distrikte uiteengesit is, het sir John Cradock 'n stelsel van sogenaamde kosterskole in die lewe geroep. Hy het gehoop dat hierdie skole Engels binne die bereik van plattelandse leerlinge sou bring. Hy het onderneem om vir onderwysers wat Engels magtig was en onderrig daarin kon gee, 'n ekstra honderd riksdalders by hulle jaarlikse salaris te voeg.⁴

Lord Charles Somerset het op sy voortvarende manier 'n stelsel van vry Engelse skole ontwerp waarin ingevoerde Engelse en Skotse skoolmeesters die eerste onderwys aan "Afrikaanssprekende" kinders sou gee. Die spreektaal was op daardie stadium eintlik 19de eeuse Nederlands. Gedurende sy tuisverlof in 1820-21 het hy hierdie stelsel aan lord Bathurst, die Britse minister van kolonies, voorgelê. Lord Bathurst het hom geesdriftig ondersteun.

Dominee Thom was ook op daardie tyd in Brittanje met verlof en is versoek om geskikte predikante en onderwysers vir die Kaap te soek. Predikante sou vir

⁴ Scholtz, Dr. J. Du P., *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*. NASOU BEPERK, Kaapstad, 1964, p 10

'n kort tyd na Nederland gaan om bietjie kennis van die taal op te doen voor hulle vertrek na die Kaap. Vir onderwysers is dit nie nodig geag nie. Dominee Thom se taak was in Februarie 1822 reeds in so 'n mate afgehandel dat daar gereeld langs hierdie weg vakatures vir onderwysers en predikante aan die Kaap gevul kon word. Enkele maande later het die eerste groep Skotse en Engelse onderwysers in die Kaap aangekom.⁵

Kerk

Verengelsing is ook in die Nederduits Gereformeerde Kerk bevorder. Na mislukte pogings om Nederlandse predikante te werf, het Lord Charles Somerset begin om Calvinistiese predikante uit Skotland aan te stel; predikante was op hierdie stadium in diens van die staat. Hierdie praktyk het nog lank nadat Somerset bedank het, voortgeduur. Hierdie metode van verengelsing is nie sistematies deurgevoer nie en het nie geslaag nie ook omdat die Skotse predikante Nederlands aangeleer het en sommige het met Afrikanervroue getrou.⁶

Toe Lord Charles Somerset sy pos aan die Kaap aanvaar het in 1814 was daar in die hele kolonie slegs nege Hollandse kerke/gemeentes waarvan ses binne honderd en dertig kilometer van Kaapstad af was. Dit was dus dringend noodsaaklik om nuwe gemeentes in die buiteland te stig. Die gebrek aan kerke was alreeds vir Kommandeur De Mist en sir John Cradock problematies aangesien dit baie moeilik was om vakante vakatures vir predikante te vul. Graaf Bathurst het in 1814 reeds probeer om predikante uit Nederland te werf sonder sukses. Lord Charles Somerset het homself daarvan vergewis dat die leer van die Presbiteriaanse kerk van Skotland dieselfde is as die van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaap. In 1817 het hy drie Skotse sendelinge wat in Suid-Afrika uit die diens van die Londense Sending Genootskap getree het, aangestel. Hulle was di. John Evans, George Thom en John Taylor wat respektiewelik in die gemeentes van Cradock, Caledon en Beaufort-Wes bevestig is tussen 1818 en 1820. Die voordeel was dat hulle reeds die Hollandse taal

⁵ Scholtz, Dr. J. Du P., *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*. NASOU BEPERK, Kaapstad, 1964, p 11

⁶ *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, Hoofredakteur: Trehwella Cameron. Adviserende Redakteur: SB Spies. Human en Rosseau, Kaapstad, 1986., p 86,87

bemeester het. Hulle sou die voorlopers van talle ander Skotse predikante in Suid-Afrika wees.⁷

Staatsdiens

Verengelsing van die staatsdiens is met groter beslistheid aangepak. Lank voor 1820 is die praktyk gevolg om staatsamptenare wat aftree met Britte te vervang en Sir John Cradock het vereis dat elke staatsamptenaar oor 'n kennis van Engels beskik. In 1824 het Engels die enigste amptelike taal van die staatsdiens geword en hoë salarisse is aangebied om Engelssprekendes na die staatsdiens te lok.⁸

Regspleging is veral intens geraak deur die beleid van drastiese verengelsing. Die doelwit van die Britse regshervormings was om die oppergesag van die reg en doeltreffender beheer oor die kolonie, te verseker. Dit het terselfdertyd ook Nederlandse instellings en gebruike deur die van Brittanje vervang. Die Romeins-Hollandse regstelsel is behou maar die hele sentrale en plaaslike stelsel van regspleging is verander deur die Regsoktrooi van 1828. 'n Hooggeregshof met 'n hoofregter en drie regters, onafhanklike van die uitvoerende gesag, is ingestel. Die regters is goed betaal en moes regsopleiding hê. Die fisikaal is deur 'n prokureur-generaal vervang en regsprosedures waaronder die juriestelsel, is ingevoer. Die amp van die landdros is vervang met die van 'n resident-magistraat, met beperkte regsbevoegdheid in siviele en kriminele sake.

In 1828 het Engels die enigste taal van die howe geword. Dit het die Afrikaners aanstoot gegee. Daar was ook groot ongelukkigheid oor die verlies aan beperkte verteenwoordiging wat hulle deur die landdros en heemrade gehad het sowel as oor die afskaffing van die regsbevoegdhede van die veldkornette.⁹

Hierdie taalbeleid is tot laat in die negentiende eeu gehandhaaf. Dit moet teen die agtergrond van Britse immigrasie na Suid-Afrika gesien word. Daar was 'n voortdurende invloed van individuele Britte sowel as groepe Britse immigrante wat gedurende die negentiende eeu by die Kaapse bevolking aangesluit het. Daar was die ongeveer 4000 Britse setlaars wat hoofsaaklik in Oos-Kaap by Grahamstad gevestig het. In die vyftiger jare het 'n groep Britte wat met amptelike

⁷ Scholtz, Dr. J. Du P., *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*. NASOU BEPERK, Kaapstad, 1964, p 8,9

⁸ *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, Hoofredakteur: Trewhella Cameron. Adviserende Redakteur: SB Spies. Human en Rosseau, Kaapstad, 1986., p 86,87

⁹ *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, Hoofredakteur: Trewhella Cameron. Adviserende Redakteur: SB Spies. Human en Rosseau, Kaapstad, 1986., p 86,87

ondersteuning hierheen gebring is, aangekom. Dit is dus nie verbasend dat in 1854 toe verteenwoordigende bestuur in die Kaapkolonie ingestel is, was Engels steeds die enigste taal wat in die parlement toegelaat is. Mettertyd het die Britse leefwyse, kultuur en tradisis wyer aanvaarding gevind. Hiermee is die Britse karakter van die kolonie bevestig.¹⁰

Die gebruik van Nederlands in die daaglikse omgang van die Nederlandssprekende deel van die plaaslike bevolking kon egter nie gestuit word nie: Afrikaans het grotendeels uit Nederlands ontstaan; Afrikaans sou vroeg in die twintigste eeu die tweede amptelike taal van die mense aan die suidpunt van Afrka word.

¹⁰ *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, Hoofredakteur: Trehella Cameron. Adviserende Redakteur: SB Spies. Human en Rosseau, Kaapstad, 1986., p 86,87